Wys my die weg, Here

# Wat kies jy?

## Bybelteks

*Ná verloop van tyd het Kain ...'n offer vir die Here gebring. En Abel, ook hy het 'n offer gebring ... Die Here het Abel en sy offer met guns beskou. Maar Kain en sy offer het Hy nie met guns beskou nie. Dit het Kain baie kwaad gemaak en hy was terneergedruk. Die Here vra toe vir Kain: "Waarom is jy kwaad, en waarom is jy terneergedruk? Is dit nie so dat, as jy goed doen, jy jou kop kan optel nie? As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte, maar jy moet oor hom heers." Kain sê toe vir Abel, sy broer: "Kom ons gaan veld toe." Toe hulle in die veld was, het Kain teen Abel, sy broer, opgestaan en hom doodgemaak.*

**– Genesis 4:3-8**

## Kernwaarheid

**God bly genadig ten spyte van ons foute, maar Hy verwag van ons om nie aan ongeduld, jaloesie en haat toe te gee nie.**

### WELKOM

Dink aan 'n belangrike keuse wat jy onlangs moes maak. Sou jy sê jy het 'n goeie keuse gemaak of nie? Verduidelik jou antwoord.

### WONDER

- Hoe sou jy opgetree het as jy in Kain se skoene was?

- Dink jy omdat God nie Kain se offer aanvaar het nie, Hy ook nie meer vir Kain aanvaar het nie? Hoekom sê jy so?

- Wat dink jy beteken die volgende woorde in vers 7: "As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte, maar jy moet oor hom heers"?

- Kain sê dat hy nou vir God moet wegkruip, maar God beskerm vir Kain, al het hy 'n groot fout gemaak. Wat sê dit vir ons van hoe God teenoor ons optree wanneer ons foute maak?

## WEES

- Hoe voel dit om te weet dat God nie net straf nie, maar jou ook beskerm en selfs 'n tweede kans gee?

- Hoe sou hierdie aanhaling uit die boek *Atomic habits* vir Kain en vir ons kon help?

  *Every action you take is a vote for the type of person you wish to become. No single instance will transform your beliefs, but as the votes build up, so does the evidence of your new identity. This is one reason why meaningful change does not require radical change. Small habits can make a meaningful difference by providing evidence of a new identity. And if a change is meaningful, it is actually big. That's the paradox of making small improvements.*

## WEGSTUUR

Luister hierdie week na die playlist wat julle as groep saamgestel het. Of luister na die liedjies op jou eie playlist wat jou in moeilike tye help om uiting aan jou emosies te gee.